OOSTERSE ADEL AAN DIE KAAP

Die gedokumenteerde verhaal van die prinsebroers Loring Passir en Dipa Nagara

deur Helena Liebenberg

1. Inleiding

Reeds voor die afloop van die 17e eeu het die Kaap ’n plek geword waarheen gevangenes gestuur is ná vonnisoplegging deur die VOC-howe in Oos-Indië. Die volgende plekname gee ’n aanduiding waar hierdie VOC-howe, -rade of -regerings gevestig was: Batavia, Nagapatnam, Colombo, Jaffanapatnam, Samarang, Indië, Gale en Cheribon.

Alle soorte mense is vanaf die Oos-Indiese gebiede asook Suid-Asië na die Kaap verban. Aanvanklik was die meeste van hulle gevangenes of persone van hoë aansien of statuur, maar later is ook misdadigers hierheen gestuur. Onder die bannelinge was daar geestelike leiers, lede van koninklike families (in talle gevalle vergesel van hul gevolg), hooggeplaaste amptenare, gemeenskapshoofde, vyande van die staat en oorlogsmisdadigers. Indien die bannelinge as gevaarlik beskou is, is hulle na Robbeneiland gestuur. Ander Oosterse bannelinge is toegelaat om in die Kaap en in die distrikte te woon, onder andere Stellenbosch en selfs so ver as Swellendam.

Aan die hand van brondokumente wat in die Kaapstadse Argiefbewaarplek gehuisves word, onder andere

– die Resolusies van die Politieke Raad (uit die C-reeks),
– die Inkomende Stukken en Uitgaande Brieven (ook deel van die C-reeks)

– die sogenaamde “Bandietenrollen” van die Raad van Justisie (uit die CJ-reeks), en
– die inventarisse van intestate boedels (MOOC8-reeks), vendusierolle (MOOC10-reeks), en die bykomende dokumentasie tot die boedelrekeninge (MOOC14-reeks) van die Weeskamer

is dit moontlik om ten opsigte van hierdie persone ’n redelike goeie oorsig te verkry oor sy of haar doen en late waarby die VOC en die gesagstruktuur alhier belang gehad het.

2. Bannelinge en bandiete aan die Kaap

Die Resolusies van die Politieke Raad is een van die belangrike bronne van inligting in hierdie verband. Die volgende is enkele voorbeelde van bannelinge oor wie daar in die Resolusies berig word: Op 11 Februarie 1733 word genotuleer van die “Ternataanssen prins, Ketees Malocco” se versoek dat sy drie kinders by sy slavin “Rosette van Ceylon”, naamlik Amel, Talie (werksaam by onderkoopman Decker) en Adel (werksaam by die weduwee Thibault) na sy dood vrygestel moes word en erf wat hy sou nalaat (C.91).

Tydens die Raadsvergadering van 27 Maart 1759 (C.137) word aangeteken van die twee Singalese bannelinge Leander de Saram en Louis Perera wat van Stellenbosch na Swellendam verplaas is. Later word berig van die briewe wat in hul taal, Singalees, geskryf is en nie deur enige VOC-amptenaar gelees of verstaan kon word nie (4.5.1761, C.139).

Op 25 November 1788 dien die banneling Achmet, Prins van Ternate, se versoek om saam met sy gesin na die Ooste terug te keer voor die Politieke Raad; dié versoek is toegestaan. Hy en sy familie bestaande uit sy vrou Constantia van die Kaap, haar moeder Dina van die Kaap en grootmoeder Phillida van Batavia, benewens hul kinders Salasa, Fatima, Camies en Abdulla almal van die Kaap, asook ’n vrye “meid” Cita van Bougies en die slaaf Jounga van Ternaten sou per skip, die *Voorberg*, na Batavia reis. Vanweë die prins se behoeftige omstandighede is hulle van transport- en kosgeld vrygestel (C.180).

Aan die einde van die VOC se bewind verskyn die name van die volgende Oosterse bannelinge op Robbeneiland in die Resolusies: die Javaanse priester Abdul Rassieb (28.8.1792, C.206) en Paap Mamoud (7.9.1792, C.207).

3. Die prinsebroers Loring Passir/Passer en Dipa Nagara/Negara

Waarskynlik twee van die bekendste bannelinge aan die Kaap was pangerang Loring Passir wat in 1715 saam met sy gevolg by die Kaap aanland, gevolg deur sy jonger broer pangerang Dipa Nagara wat in 1723 hierheen verban is. (*Pangerang* is ’n adellike titel wat op Java gebruik is vir die seuns van regerende vorste, en ’n adellike titel in Oos-Indië vir ’n inlandse prins of persoon van hoë rang.)

3.1 Oor keisers en prinse

Aan die hand van verskeie brondokumente was dit moontlik om die volgende familiestruktuur op te stel:

Die verhaal begin tydens die bewind van Sousouhounangh (keiser) **Pakubuwana / Pacabouana** van Java (in CJ2562/111-112 word sy naam as Pattoboewana aangegee; *Soesoehoenan* is die titel van die vors van *Solo* of *Soerakarta* op *Java*). Op die keiser se persoonlike bevel is sy seun pangerang **Loring Passir** vanweë redes wat in die dokumente genoem word, in 1715 lewenslank na die Kaap verban.

Ná Pakubuwana se dood volg sy seun **Mankoerat**, ook genoem **Amancoerat**, hom op as keiser. Uit die dokumente blyk dat hy in 1727 oorlede is. Tydens Mankoerat se bewind was daar waarskynlik heelwat onrus, en in 1723 word die name genoem van twee van sy broers, naamlik pangerang "Diepa Nagana" en "Dipa Santah" wat hulle heeltemal aan die verkeerde kant van die gesag en gereg in Java bevind het:

CJ2562, bl. 111-112, 16 Aug. 1723

"Extract uijt de secreete resolutien des Casteels Batavia genomen in Rade van India op Maandag den 16:e Augustus a:o 1723.
Dog Diepa Nagana zijnde van eene gantsch anderen, en ook minderen aanschouw, word goed gevonden met sijne familie te versenden by d' eerste gelegentheijd na Caab de Goede Hoop, om aldraer bij zijnen broeder Loring Passir de kost te gaan soeken nadien hij geen grooter genade mag werden weerdig geagt, ter sake hij al bij het leven van Pattoboewana tot de rebellen is overgelopen geweest benevens sijnen broeder Dipa Santah die naderhand in handen van den tegenwoordigen Soesoehoenan Amankoerat ten hove zijnde gevallen, aldaar gestranguleerd is gewoden na d' order van sijn H:t die daar van bij brieven aan dese regeering heeft kennisse gegeven.
Accordeert: Joan Fred:k Jobius, Secrt:s"

Met ander woorde, Dipa Nagara en sy broer Dipa Santah het aangesluit by die rebelle en teen hulle broer Amankoerat wat na hul vader se dood keiser geword het, in opstand gekom. Keiser Amankoerat het Dipa Santah laat verwurg, terwyl hy Dipa Nagara na die Kaap laat verban het om alhier by sy broer Loring Passir te gaan woon en sy eie brood te verdien.

3.2 Gedokumenteerde lewensverloop van Loring Passir en Dipa Nagara

In 'n brief van 13 September 1715 van die Raad in Indië en onderteken in "'t Casteel" in Batavia, word die owerhede aan die Kaap soos volg ingelig oor die adellike banneling wie se naam selfs lank ná sy dood in 1737 nog in die Resolusies vermeld is:

"Per de scheepen Gansenhoeff
… met ons mede aansien den tegenwoordig per de fluijt Gansenhoeff tot uEd overgaan de Mataramsen prins off Pangerang Lor-ingh Passir, soone van den tegenwoordigen Sousouhounangh Pacabouana, die in sijns vaders ongenade gevallen en bij de Compagnie ter bescherminge gekomen sijnde, als nu ten versoeke van gemelte sijnen vader uE toegesonden werd met sijne moeder, drij a vier vrouwen (later blyk dit sy skoonmoeder en twee vroue te wees) en verder gevolg te samen ten getale van dartien persoonen genoemt staande bij nevensgaande naamrolle" (C.400, *Inkomende Brieven*,190-193).

Met ander woorde, Loring Passir, seun van die huidige Javaanse keiser, Pacabouana, wat in sy vader se onguns verval het, is saam met sy moeder, sy twee vrouens en 'n klein gevolg na die Kaap verban. Hulle het op die skip Gansenhoeff in die Kaap aangekom.

C.35, bl. 82-96, 3 Febr. 1716
Die owerheid alhier word vervolgens versoek om aan die pangerang en sy gevolg verblyf te gee in Stellenbosch, Drakesteijn of waar die Raad vir hulle die beste woonplek sou vind. Daar moes egter gesorg word dat die pangerang en sy gevolg nie met die hulp van die Engelse, Franse of ander Europeërs sou ontvlug nie, aangesien nie toegelaat kon word dat daar weer op Java "opschuddingen en beroertens" ontstaan indien Loring Passir daarheen sou terugkeer nie. Die keiser het met die VOC-owerhede reëlings getref om 300 Spaanse reale per jaar, dit wil sê 25 gelyke reale per maand aan sy seun in die vreemde toe te staan vir onderhoud en lewensmiddele.

C.35, bl. 108-145, 18 Febr. 1716
Die Raad het vir Loring Passir en sy gevolg die huis en erf van die oud-heemraad Daniel Pfeijl op Stellenbosch teen die bedrag van 1500 guldens aangekoop. In hierdie Resolusie word ’n noukeurige beskrywing gegee van die huis en erf:

“Zijnde het huijs even sodanigh g’construeert als bij de aftekeninge in Rade vertoond, kan werden gesien, namentlijk met twee zijdkamers aan een bequaam voorhuijs, een gemakkelijke keuken regt agter het voorhuijs en een kleen kamertje tot bottelarij off ander approperiteit in het voorhuijs begrepen.
Hebbende voorts, wanneer men voor het huijs staat, ter regterhand aff een gebouw van 15 voeten breet en 30 voeten lang, dat tegenwoordigh tot een stal werd gebruijkt, maar het welke alleen met het schoonmaken tot een fraaij woonhuijs voor zijne domestiques geconverteert sal connen werden, alles nieuw onder ’t dak en wel sufficant tesamen gestelt: b’horende hier toe nog twee enkelde vertrekjes.
Voorts behoort hiertoe, soo ons is aangewesen, een stuk van 12 morgen lands, daar goed koorn en wijn van kan werden getrokken, ende dat den Pangarang sekerlijk van veel agreëment zal wesen, speciaal dewijl de rivier daar langs heen loop en hem alle occasie tot water geeft, die men weet dat ons zijn natie gerequireert werd.”

Hiermee voldoen die Kaapse owerhede aan die voorwaardes oor die voorgeskrewe behandeling van die adellikes soos deur die gesag in Batavia bepaal.

C.36, bl. 2-25, 25 Febr. 1716
Die Direkteur-Generaal en Kommissaris gee te kenne dat pangerang Loring Passir en sy gevolg volgens besluit van die 18e Februarie, deur die koopman Arent Prötte, landdros Nicolaas van den Heuvel en onderkoopman Bartholomeus de Wit, gekomiteerdes, na Stellenbosch geneem is. Die gekomiteerdes het die huis wat deur die Kompanjie gekoop is, in ontvangs gaan neem. Hulle het ook 520 pond rys as ’n kleinigheidjie, aan Loring Passir geskenk. Dit volg op versoek van die prins, wat geen brood kon eet nie, dat die Kompanjie in stede daarvan maandeliks eerder rys teen die inkoopprys aan hom moes verskaf.

C.36, bl. 26-61, 3 Mrt. 1716
Die Direkteur-Generaal vertoon en oorhandig die verslag deur gekomiteerdes wat pangerang Loring Passir na Stellenbosch begelei het, aan die Raad. Die kopie van die verslag word aan die regering in Indië gestuur.

C.43, bl. 63-70, 28 Sept. 1717
Die Raad keur dit goed dat voldoen daar moet word aan die versoek van pangerag Loring Passir dat sy “overgeleverde geslote brief” aan die regering in Batavia oorhandig word.

C.400, Inkomende Stukken, 1719, bl. 1102-1103 en 1117-1118
In 1719 versoek die prins om na Java te mag terugkeer, maar dit is geweier.

C.51, bl. 103-112, 9 Jan. 1720
Daar word genotuleer dat die huis van Loring Passir op Stellenbosch in ’n brand vernietig is. Die brand wat in die oggend in ’n hutjie op die pangerang se verblyfplek ontstaan het, het versprei en al die ander geboue ook in puin gelê. Landdros Jacob Voet het vir die prins en sy vroue tydelike onderdak in die voorhuis van die smit se woning gekry.

C.52, bl. 21-28, 24 Jan. 1720
In sy brief aan die Raad stel die heer Voet voor dat die pangerang en sy gevolg verskuif word na die “afgebrookene huijs” van Caatje Cloeten op Vishoek. Benewens die “gedeelte muur” van die bouval is daar volgens hom ook voldoende vis waarvan die Oosterlinge tog baie hou.

Sowel die smit as die ander inwoners van Stellenbosch sou meer gerus wees as die pangerang en sy gevolg nie meer langer in die dorp sou woon nie.

Die Raadslede voel egter dat verblyf so na aan die see die ideale geleentheid op ontsnapping kon bied. Passir en sy gevolg keer dus terug na Stellenbosch, sodat daar "althoos een wakend oogh van na bij op diens persoon gehouden kan worden". Die afgebrande woonplek moes opgebou en van ’n kleidak voorsien word om die brandgevaar te verminder. Daar word besluit om ’n timmerman na die huis te stuur, sodat hy kan bepaal hoeveel timmerhout en ander materiaal benodig word vir die herstel van die woning.

C.52, bl. 40-47, 13 Febr. 1720
Tydens hierdie Raadsvergadering word besluit om die Kompanjieswoning op Stellenbosch weer op te bou, maar om in plaas van ’n kleidak eerder ’n rietdak op te sit. Die afgebrande mure moes ook opgebou word, sodat die struktuur in staat sou wees om die dak se gewig te dra.

C.411, p. 108, 21 September 1723
Intussen volg Loring Passir se broer Amancoerat hulle vader op as keiser en stel 300 stuks Mexikaanse "realen" ter waarde van 337 1/2 riksdaalders ter beskikking van sy verbanne broer en dié se gevolg aan die Kaap.

In dieselfde brief deur die Raad van Batavia aan die Kaapse goewerneur Maurits Pasques de Chavonnes word berig van die koms van nog ’n Javaanse prins hierheen – inderdaad Loring Passir se broer:

"Met het schip de Herstelling zend men uw E: een ander Javaans prins met name Dipa Nagara hebbend ij zijn gevolg nog Acht persoonen, en zoomede op de drie retourschepen verdeeld nog 15 stux Oosterlingen navolgens het bijgevoegde naamrolletje om alle aan de Caab haar verblijf te nemen uijt wijsens twee Extract resolutien deser regering van den 16e aug:s j:o leden, end den 10: deser maand ..."

Die Kompanjie het egter ook deurgaans rekening gehou met en kon rekenskap gee van bykans alle bannelinge en bandiete wat van die Ooste af na die Kaap gestuur is. Die volgende dokumente toon hoe noukeurig die inligting deur die Raad van Justisie aangeteken is, hoewel daar wel enkele spellingverskille voorkom:

CJ2462, bl. 116-118, 20 Sept. 1723
Lijste der onderstaande persoonen, dewelken desen jare 1723 van Batavia na Cabo de Goede Hoop werden versonden, namentlijk

P:r ’t schip d’ Herstelling

Pangiran Dipa Nagara	
Radeen Ajoe Daba	sijne wijven
Radeen Ajoe Badrie	
Doerik	zijne zoonen
Amir	
Loebawax	
Boele	dienaressen
Derpa	
Kebben	

9 persoonen

In CJ3184, genaamd die “Annotatie Boeck der Bandieten soo van Batavia als Ceijlon alhier aangeland 1722-1757. N:o 1”, is onderstaande inskrywing oor pangerang Dipa Nagara en sy gevolg. Op die oorspronklike bladsy is daar jare later met die vertrek van die bannelinge aangeteken hoeveel van die geselskap uiteindelik na hul land van herkoms teruggaan:



CJ3186 Pangerang Dipa Nagara en die name van sy vroue, seuns en bediendes

Die transkripsie lui soos volg:

A:o 1723
Met ’t Schip d’ Herstelling volgens resolutie van generaal en raden de dato 16: aug:s 1723 alhier gebannen, als

Pangerang Dipa Nagara [na batavia weedergegaan] – lg. ander handskrif	
dood Radeen Ajoe Daba	sijn wijven
dood Radeen Ajoe Badrie	
dood Doerik	sijne zonen
dood Amir	

dood Soebawa	
dood Boele	dienaressen [na batavia] – lg. ander handskrif
dood Derpa	
dood Kebben	

C.71, bl. 32-58, 11 Apr. 1724
Loring Passir verleen onderdak aan sy broer Dipa Nagara. Die Raad voel dat laasgenoemde aanmatigend opgetree het deur op ’n eie woning en lewensmiddele aan te dring. Ter verdediging sê Dipa Nagara dat hy nie doelbewus sodanig opgetree het nie, maar dat hy daarop aangedring het omdat hy en sy gevolg onder baie moeilike omstandighede leef. Anders as Dipa Nagara, is Loring Passir in die notule beskryf as “van een vreedsaam en ordentelijke gedrag”. Laasgenoemde het self gebrek gely en kon nie sy broer ook onderhou op die karige voorraad en maandgeld nie. Die Kompanjie besluit dat hulle wel aan Dipa Nagara spykers en kabelgaring sou voorsien, sodat die prins vir hom en sy gevolg ’n klein hutjie kon bou.

C.413, bl. 2, 2 April 1724
Intussen rig J. Bergh van Stellenbosch ’n brief aan die Goewerneur waarin hy berig oor pangerang Dipa Nagara wat oral in Stellenbosch om hulp gaan aanklop het en ten laaste by hom opgedaag het. Die prins wou graag weet of hy ook soos sy broer onderhoud en woonplek sou ontvang. Hy kon nie langer met vroue en kinders onder sy broer se vleuels skuil nie. Die “meenighte klaagreedenen en murmuratien” was volgens Bergh te veel om in die brief te herhaal. Sake raak nou ernstig, aangesien pangerang Loring Passir hom laat weet het dat sy broer, Dipa Nagara, reeds in onenigheid met hom (Passir) leef en dat hy gehoor het dat indien sake nie drasties verander nie, “hij [Dipa Nagara] ook zijn dood niet ontsag” omdat hy sy noodlydende vroue en kinders nie langer kon aanskou nie. Bergh sluit af met die versoek dat die Goewerneur hom moet inlig hoe om die situasie te hanteer.

C.71, bl. 76-82, 3 Mei 1724
Op hierdie buitengewone vergadering is Dipa Nagara se saak laaste op die besprekingslys. Die Goewerneur gee te kenne dat volgens pangerang Dipa Nagara hy sy vroue en kinders nie meer kan onderhou nie, en dat hulle selfs “met het nuttige [eet, nuttig] van sprinkhaanen en andere gedierte” tevrede moes wees. Die prins versoek smekend dat sy gevolg 40 pond rys per persoon per maand sou kry, soos aan die Kompanjie se slawe toegeken word, asook kleding soos dié wat die Kompanjieslawe ontvang. Die Raad besluit om aan hierdie versoek te voldoen en sou benewens die rys ook “beetere deckinge van haar lichaam tegens de aannaderende koude” aan die mense verskaf.

C.76, bl. 41-52, 4 Febr. 1727
In hierdie Resolusie verskyn ’n brief deur pangerang Loring Passir, deur homself onderteken. Hieruit blyk hoe hy sy naam en ‘van’ geskryf/gespel het. Hy verwys na die som van tweeduisend guldens, Indiese waarde, wat deur sy oorlede broer, Soesoenang Mankoerat Carta Soera, “toegelegt en genooten” was en dat hierdie bedrag aan hom heruitbetaal moes word sodat hy weer 26 1/2 riksdaalders in plaas van die huidige bedrag van 13 1/4 riksdaalders per maand sou ontvang. Die Goewerneur wys Loring Passir egter daarop dat sy broer destyds die bedrag aan die Kompanjie gegee het om sy (Passir) se maandgeld te betaal en dat dit nie ’n geskenk deur die Soesoenang aan sy broer was nie. Tot tyd en wyl die tekort op die bedrag aan die Kompanjie terugbetaal is, sal die prins met die verminderde bedrag tevrede moet wees.

C.76, bl. 53-64, 11 Febr. 1727
Die Raad ontvang ’n klagte van Loring Passir dat hy nie tevrede is met sy verminderde maandgeld nie, en dat hy weier om die klein bedraggie te ontvang tot tyd en wyl die briewe wat hy hieromtrent aan Batavia geskryf het, beantwoord word. Daarop besluit die Politieke Raad om die Raadsbesluit oor hierdie saak onveranderd te laat.

C.84, bl. 62-65, 24 Nov. 1729
In hierdie Resolusie word genotuleer dat Loring Passir die 2 025 guldens wat hy vroeër verkeerdelik te veel ontvang het, nou na twee jaar aan die Kompanjie afbetaal het en dat hy maandeliks weer sy 25 1/2 riksdaalders soos voorheen sou ontvang.

C.87, bl. 116-147, 8 Mei 1731
Loring Passir laat weet die Goewerneur dat drie mans en drie vrouens van sy gevolg of lyfeienes (slawe) wat saam met hom van die Ooste af gekom het, sy diens verlaat het en nie net loop en kwaad doen nie, maar hulle ook weerbarstig teen hom aanstel. Hy was van mening dat hulle gestraf moes word vir hulle swak optrede. Hy versoek dat die mans na Robbeneiland gestuur word en die vrouens in die slawelosie geplaas word. Dat daar gehoor aan sy versoek gegee is, blyk uit die volgense inskrywing in die “Bandietenrollen”:

CJ3188/50-55, 1731
Lyst der gecondemneerde persoonen op ’t Robben Eijland
Indianen …

Chimas Grota Argot	Javanen van den Prins Loring Passir ter ordre van d’ Edele Heer Gouverneur	19 Maij 1731	Sonder tijd

C.89, bl. 57-61, 28 Febr. 1732
Heel gou het al ses die slawe versoek om terug geplaas te word in die diens van Loring Passir. Hulle beloof om hulle voortaan beter en gehoorsamer teenoor hom te gedra, sodat hy nie meer klagtes oor hulle sou hê nie.

Die besonderhede van die slawe se ontslag van Robbeneiland is ook in hierdie geval in die “Bandietenrollen” aangeteken:

CJ3188/65-70, 1732
Lyst der gecondemneerde persoonen op ’t Robben Eijland
Indianen ...

Chimas Grota Argot	Javanen van den Prins Loring Passir ter ordre van d’ Edele Heer Gouverneur	14 Maij 1731	sonder tijd	in Maart 1732 verlost

C.91, bl. 125-129, 23 Febr. 1733
Die Raad ontvang op die 19e Februarie toestemming deur die Here Sewentien dat pangerang Loring Passir wat op Stellenbosch woon, na Kaapstad mag verhuis.

C.93, bl. 53-58, 3 Sept. 1733
Tydens hierdie vergadering word pangerang Loring Passir se versoek om eerder in die Kaap te woon, aan die lede voorgelê. Die Raad keur die versoek goed en besluit dat die huis waarin die prins en sy gevolg tans op Stellenbosch woon, aan die hoogste bieër verkoop sal word.

De Braak, Stellenbosch

C.93, bl. 99-103, 3 Des. 1733
Daar word noukeurig genotuleer waar die stuk grond wat deur Loring Passir bewoon is, geleë was. Hierdie inligting tesame met die gegewens van 18 Februarie 1716 is van besondere belang, aangesien dit sonder twyfel presies aantoon waar die twee Oosterse prinsebroers en hulle mense in Stellenbosch gewoon het:

" ... dit land soodanig als het door hem pangerang is beseeten en gebruijkt geweest, ten dien eijnde bereijts door den landmeeter Cochius heeft doen meeten, en dat het selve groot bevonden is 4 morgen 591 quadraet roeden, sijnde het overige land dat bij transport van den 26e Februarij 1716 aan de E. Compa. is overgedragen, nooijt gebruijkt, en het grootste gedeelte van het pleijn of de soogenaemde braak voor het dorp van Stellenbosch geleegen, dewelke tot een drilplaets voor de burgerij dient, en die oversulx, dewijl hiertoe geen andere bequaame plaatsen open sijn, niet wel gemist kan werden, waarom den landdrost, Pieter Lourensz, ook versogt heeft dat het selve land niet verkogt, maar in teegendeel ten gemeenen gebruijke voor de E. Compa. mag worden aangehouden, vermits sulx andersints bij aldien het in handen van particulieren, die dat souden willen omslooten, quam te geraaken, niet alleen groote ongeleegentheijd in opsigt van het oeffenen der coloniers in den wapenhandel, maar ook voor de ingeseetenen van Stellenbosch in 't gemeen weegens het af en aanrijden met wagens, en de uijtdriften voor haar vee soude veroorsaaken, weshalven hier over geraadpleegt sijnde, goedgevonden is dat men gedagte huijs en land ter groote van 4 morgen 591 quadraat roeden op den 18e deeser loopende maand December bij publicque vendutie sal opveijlen en voor contante penningen te geld maaken, waarvan tot kennisgeeving aan een ijgelijk die tot koopen soude moogen geneegen sijn, alomme billietten ter gewoonelijke plaatsen sullen werden aangeslagen. …"

C.94, bl. 15-21, 22 Des. 1733
Daar word genotuleer dat die huis op 18 Desember deur die burger Christiaen Christiaensz Pasch vir die som van sewehonderd en vyftig guldens ingekoop is.

Aan die hand van navorsing deur Van der Bijl kan die ligging van die stuk grond wat deur Loring Passir en later ook deur Dipa Nagara bewoon is, met redelike sekerheid bepaal word:

> Daniel Pheyl koop ’n deel van Voorgelegen, naamlik 12 m 538 r² op 1 Februarie 1716 by die weduwee van kaptein Kaje Jesse Slotsboo. In dieselfde maand (op 26 Februarie) verkoop Pheyl die plaas aan die VOC aan die Kaap (Van der Bijl, bl. 18).
>
> In 1734 verkoop die Kompanjie ’n deel, 4 m 591 r² aan Christian Pas. Hierdie deel, later bekend as Lambertus Fick se plaas, het suid van Dorpstraat gelê, van (ongeveer) Louwstraat tot (ongeveer) Krigestraat. Die restant – 7 m 547 r² – is later deur Landdros en Heemrade verkoop of opnuut toegeken.
>
> Christiaan Pas, ’n ystersmid van die VOC, besit dus nou die ‘Companjie’s huys en land dat door de Pangerang Loning Paffin is bewoond en gebruikt geweest’. Weduwee Pas trou in 1747 met Lambertus Fick en na haar dood trou Fick in 1781met weduwee Dempers. Na Fick se dood word sy plaas in erwe verkoop (Van der Bijl, bl. 19).

Stellenbosch in 1710
(rekonstruksie deur dr. Hans Fransen) – uit *Stellenbosch – Three Centuries*, p. 87.



Die sirkel toon aan waar die eiendom wat deur pangerang Loring Passir bewoon is, naastenby geleë was.

Stellenbosch vandag



Die sirkel toon op ’n hedentydse dorpskaart aan waar die eiendom wat deur pangerang Loring Passir bewoon is, naastenby geleë was.

C.98, bl. 74-78, 21 Jun. 1735
Die lede van die vergadering met Jan de la Fontaine as voorsitter, bespreek ’n versoekskrif deur Loring Passir, waarin hy toestemming vra dat hy en sy gevolg na Batavia teruggestuur word. Dit is die eerste keer dat die omstandighede wat aanleiding tot sy lewenslange verbanning gegee het, asook sy ouderdom, aan die lig kom:

“ ... (eenelijk uijt nijdigheijd van sijn schoonmoeder veroorsaakt) omme geduurende de leevenstijd van gem. sijne schoonmoeder ter deeser plaatse verbannen te blijven, en dewijl deselve reets lang overleeden is, gelijk meede zijn vaader en broeder, die hem seedert in ’t te rug keeren naar India sijn hinderlijk geweest, maar dat den supplt. ook daar en booven nu reets tot den hoogen ouderdom van sestig jaaren is gekomen, en daar door niet in staat is om weegens de koude ter deeser plaatse te kunnen leeven ... ”

Passir vra die Raad om sy versoek te stuur na die Raad van Indië vir goedkeuring, sodat hy “beneevens sijn vrouwen en kinderen” toegelaat sou word om na Java terug te keer. Die Raad het geweet dat net so min as wat hulle hier aan die Kaap toestemming tot sy ontbanning kon verleen, net so min sou die Raad van Batavia daartoe instem. Om egter tydelik ontslae te raak van dié lastige man en sy aanhoudende versoeke om terug gestuur te word, het die lede besluit om wel die pangerang se versoekskrif saam met ander “Comps. papieren” na Batavia te stuur.

C.100, bl. 29-48, 20 Mrt. 1736
Soos blyk uit hierdie notule het ook Dipa Nagara vroeër ’n versoekskrif om van sy ballingskap vrygestel te word, opgestel en gerig aan mnr. Dirk van Cloon, Goewerneur-Generaal in Batavia: “volgens den teneur van het aan ons van Batavia toegesonden zijnde translaat van desselfs briefje”. Dipa Nagara het in sy moedertaal geskryf, vandaar die vertaling van sy geskrif. Die algemene versoek om persone per boot skip na die Ooste te vervoer, lui “dat zulx met een schip waar op sig een familie [bedoelende Dipa Nagara se familie?] en andere vrouwen bevinden, sal moogen geschieden”. Soos blyk uit die dokumente is Dipa Nagara egter eers baie jare later vrygestel.

C.100, bl. 117-122, 5 Jun. 1736
Ten spyte van al sy pogings, was die voorreg om vrygestel te word, nie die een-en-sestigjarige Passir in lewe beskore nie, aangesien hy “in ’t begin deeser maand [d.w.s. op 1 Junie 1736] is koomen te overleijden, agterlatende desselfs eijgen moeder Niaij Tanga, neevens twee vrouwen en twee zoonen bij deselve ter deeser plaatse geprocreëert, behalven nog sijne verdere slaven of dienstbaare huijsgenooten”. Sy moeder en vroue versoek dat die Kompanjie voortgaan om maandeliks aan hulle dieselfde bedrag uit te betaal as toe die pangerang nog geleef het. Omdat daar oor al sodanige sake by die Raad van Indië toestemming verkry moes word, was die plaaslike owerheid heeltemal bereid om die versoek te rig vanweë die “el(l)endigen toestand waer in sig deesen menschen andersints souden bevinden”.

C.102, bl. 58-66, 15 Jan. 1737
Met Dipa Nagara het dit wat bestaansmiddele betref, selfs nog moeiliker gegaan. Die Raad het besluit om “uijt consideratie sijner behoeftigheijd en armoede” aan hom maandeliks dertien riksdaalders uit die Kompanjieskas te betaal, dit wil sê die helfte van die bedrag wat sy oorlede broer, Loring Passir, ontvang het. Die Raad is van oordeel dat dié bedrag, “ten alderspaarsaamste gereekent”, voldoende sou wees om te voorsien vir hom en sy afhanklikes op Stellenbosch, huishuur ingesluit, mits hulle “maar eventjes suijnig huijshoudende”.

C.103, bl. 80-85, 2 Julie 1737
’n Jaar na Loring Passir se afsterwe word genotuleer dat daar besluit is om “het lijk, neevens de vrouwen, kinderen en het verder gevolg van den overleedenen pangerang Loring Passir, te samen seeventhien persoonen sterk zijnde, daarmeede na Batavia sullen te rugge gesonden worden”. Vir die seereis, wat na verwagting vier maande sou duur, voorskaf die Kompanjie

aan die 17 persone 100 pond poeiersuiker, 50 pond kandysuiker, 10 pond peper, 6 lewendige skape en 100 riksdaalders kontant om vis en ander benodigdhede te koop.

C.103, bl. 86-90, 11 Julie 1737
Die Goewerneur gee tydens die vergadering te kenne dat een van wyle Loring Passir se vroue [haar naam word nie genoem nie] intussen so siek geword het dat die groep mense waarskynlik nie soos beplan, met die skip 't Huis te Rensburg na Batavia sou kon vertrek nie. Indien sy so swak bly, sou hulle moes wag vir 'n volgende skeepsgeleentheid na die Ooste.

C.103, bl. 91-97, 23 Julie 1737
Sedert die saak op die vorige vergadering bespreek is, is die vrou oorlede. Die Raad besluit dat die lyk asook die groep mense met die skip Clarabeek na Batavia sou reis. Die 17 persone sou ook die gewone "onderhoudspenningen" vir Augustus kry, by ontvangs waarvan hul rekening by die "negotieboeken deeses Gouvernements" vereffen en afgesluit sou word.

C.104, bl. 17-33, 10 Sept. 1737
'n Saak wat later 'n interessante afloop sou hê, word tydens hierdie vergadering ter tafel gelê: Mnr. Daniel van den Hengel, "fiscaal independent" gee te kenne dat die vertrekkende weduwee van die pangerang Loring Passir 'n slaaf, genaamd "Joumat van Balij" aan die Kaap agtergelaat het. Volgens 'n dokument in haar handskrif, het sy die slaaf bemaak aan Tomang Nabij Setjon Tjouderauw. Hierdie persoon is intussen oorlede sonder erfgenaam of benoemde om die slaaf oor te neem. Omdat die slaaf aan niemand behoort het nie, moes hy rondswerf; gevolglik besluit die vergadering om hom in die slawelosie te plaas en sodoende die geleentheid te bied om as Kompanjieslaaf sy kos en klere te verdien.

MOOC8/16.52
In 'n poging om te probeer vasstel wat uiteindelik van die slaaf Joumat van Balie geword het, is daar onder andere 'n soektog uitgevoer in die transkripsies van die MOOC-reeks. In die boedelinventaris van Catharina Margaretha Stempelmulder, weduwee van wyle burger Dirk Gijsbert Frank, gedateer 2 Desember 1776 is 'n slaaf genaamd Joemat van Balij opgespoor. Volgens testament is hy aan Johannes Hendrik Frank, seun van die oorledene, bemaak.

Waarskynlik was hierdie Joemat dieselfde persoon is as wat aanvanklik aan Loring Passir behoort het, aangesien slegs hierdie een persoon voldoen het aan die identieke naam-en-pleknaam-vereiste. Daar was ander slawe genaamd Joumat/Joemat, maar slegs dié een komende van Balie.

C.105, bl. 27-36, 7 Jan. 1738
Met die pangerang Dipa Nagara gaan dit nou geldelik ietwat beter, aangesien hy volgens notule voortaan 150 riksdaalders per jaar, ofte wel 24 riksdaalders per maand as toelaag ontvang. Dit is soveel as wat aanvanklik deur sy broer, die "Sousouhouhang", aan hom as banneling toegesê is.

C.107, bl. 53-65, 17 Junie 1738
Uit hierdie Resolusie blyk dat Dipa Nagara onwillig bly om te voldoen aan die regskoste rakende sy "slave jongen" Simon van Bengalen. Die Raad besluit gevolglik dat dit slegs billik sou wees as die Kompanjie gemelde slaaf vir die betrokke bedrag in eiendom neem.

C.121, bl. 114-155, 14 Febr. 1743
Die Politieke Raad besluit dat dit die beste sou wees om die versoek deur Dipa Nagara en Sjinese gevangenes, waarvan sommige reeds hul vonnisse uitgedien het, asook etlike inlandse bandiete om na Batavia terug te keer, vir goedkeuring aan die Indiese Regering te stuur.

MOOC 10/5.38, 23 Junie 1744
Intussen verskyn die pangerang se naam in die vendusierol van die inventaris van die vryswarte, Carel Jansz. van Bengalen, aangesien hy enkele huishoudelikhede en materiaal op die veilig gekoop het:

"1 copere koffij kan	– Dipenagera	– rd:s3:2
2 tinne trekpotten	– Dipenagera	– rd:s1:7
1 copere vijsel met sijn stamper	– Dipenagera	– rd:s3:1
1 lap gestreepte zijde stof	– Dipenagera	– rd:s3:2"

MOOC 10/5.46, 20 Julie 1744
Die volgende inskrywing is gemaak in die vendusierol van die inventaris van Augustinus Kolberge:

"1 copere trommel en 2 copere bakjes	– Depennagera	– rd:s0:5"

C.124, bl. 220-228, 25 Okt. 1746
Op hierdie vergadering word berig dat die owerhede in Batavia toestemming verleen het aan Dipa Nagara en sy gevolg om met een van die aanwesige skepe na die Ooste terug te keer. Die pangerang sou egter wat uitrusting betref, dieselfde behandeling ontvang as bannelinge van sy soort.

Volgens die reeds genoemde dokument in CJ3186, het slegs Dipa Nagara en moontlik twee dienaresse, die terugreis na Batavia onderneem. Dit blyk uit die latere inskrywings asof al die ander persone in sy gevolg aan die Kaap oorlede is. Die woord "dood" is geskryf voor elke naam buiten Dipa Nagara s'n; in 'n ander handskrif is die sinsnede "na batavia weedergegaan" langs sy naam en "na batavia" langs die name van twee van sy dienaresse, Boele en Derpa, geskryf.

C.125, bl. 30-33, 12 Jan. 1747
Tien jaar na sy dood word daar steeds na Loring Passir verwys. In hierdie notule word berig van die gewese Madurese regent Radeen Djoerit wat toe pas in die Kaap aangekom het. Hierdie adellike wou nie brood eet nie en het versoek om sy benodigde rys teen inkoopprys uit die Kompanjie se "Dispens" te laat haal – "gelijk sulx bevoorens ook is geschied door den alhier gerelegeert geweest sijnde Pangerang Loring Passer".

C.127, bl. 198-203, 11 Nov. 1749
Loring Passir se naam verskyn nou die laaste keer in die Resolusies. Die Bantamse pangerang Wargo Digma en sy vroue, Radeens Satja Dinata en Soera Dierapa het pas met die voorradeskip Duijnenburg in die Kaap aangeland.

Om ten beste aan die voorgeskrewe vereistes rakende bannelinge te voldoen, besluit die Raad om hierdie mense ook op Stellenbosch te laat bly net soos wat dit met Loring Passir die geval was. As huisvesting koop die Kompanjie die "oude Stellenbosche moolenhuijs" vir die som van 450 Kaapse guldens. Daar sou ter gelegener tyd 'n behoorlike kaart van die eiendom en grondgebied geteken word.

Ter afronding van hierdie verhaal die volgende laaste aanhaling:

C.131, bl. 290-307, 24 December 1753
Voorgenoemde pangerang Wargo Digoena en Radeen Satje Dinata word met die eerste geleentheid na Batavia teruggestuur ...

4. Slot

Soos blyk uit voorgaande gegewens rakende die twee prinsebroers, Loring Passir en Dipa Nagara, was dit moontlik om met behulp van oorspronklike bronmateriaal uit die Kaapstadse Argiefbewaarplek ’n verhaal wat oor agt-en-dertig jaar strek, te kon opbou. Dokumente wat deur verskillende afdelings binne die owerheidstruktuur (in hierdie geval die Politieke Raad, die Raad van Justisie en die Weeskamer) opgestel en bygehou is, het die navorser in staat gestel om ’n betroubare beeld van die rolspelers se doen en late saam te stel.

Hoewel die Resolusies van die Politieke Raad aan die Kaap de Goede Hoop in hierdie studie as hoofraam gebruik is, het die ander dokumente ’n noodsaaklike bydrae gelewer om gebeure oor ’n tydperk van bykans veertig jaar te help invul. Die inligting strek van voor die aankoms van Loring Passer uit die Ooste tot lank na sy dood aan die Kaap, en van voor die aankoms van Dipa Nagara tot met sy terugkeer na Batavia.

BRONNELYS

1. Kaapstadse Argiefbewaarplek

   Resolusies van die Politieke Raad (1651-1795)
   Inleiding – http://www.tanap.net/content/activities/documents/index.htm
   C-reeks:
   C.35, C.36, C.43, C.51, C.52, C.71, C.76, C.84, C.87, C.89, C.91, C.93, C.94, C.98, C.100, C.102, C.103, C.104, C.105, C.107, C.121, C.124, C.125, C.127, C.131

   Inkomende brieven
   C-reeks:
   C.400, C.411, C.413

   Raad van Justisie
   CJ-reeks:
   CJ2562, CJ3184, CJ3186, CJ3188

   Weeskamer
   MOOC-reekse:
   MOOC8/16
   MOOC10/4, MOOC10/5

2. *Stellenbosch – Street Map & Winelands Map*. Including illustrated timeline. 1st Edition 2005

3. *Stellenbosch – Three Centuries*. Official Commemorative Volume published by the Stellenbosch Town Council in collaboration with the Oude Meester Group. October 1979.

4. Van der Bijl, Johannes. *Die Grondeienaars van Stellenbosch*. Ongepubliseerde proefskrif, Universiteit van Stellenbosch.